21 Augustus 2018

Geagte Ouer

ALGEMENE OUERVERGADERING : 10 OKTOBER 2018

Ten einde aan die vereistes van die Onderwyswet te voldoen, gee die Beheerliggaam hiermee kennis van die volgende resolusie:

OP WOENSDAG, 10 OKTOBER 2018 WORD 'N ALGEMENE OUERVERGADERING OM 18:30 IN DIE PERSONEELKAMER GEHOU WAARTYDENS DIE BEHEERLIGGAAM DIE VOLGENDE VOORSTELLE M.B.T. SKOOLGELD VIR 2019 SAL VOORLê:

a) **Skoolgeld verhoog word met R170/leerder per maand. Skoolgeld word dus verhoog van R21 500/leerder vir 2018 na R23 200/leerder vir 2019.**

b) **Derde kinders uit 'n gesin in Gelofte kwalifiseer vir 50% afslag.**

c) **Vierde en meer leerders uit 'n gesin in Gelofte betaal geen skoolgeld.**

d) **Let asseblief daarop dat alle ouers 'n minimum bedrag van R1 000 vir die jaar moet betaal per leerder ongeag daarvan of u kwalifiseer vir een of ander vorm van korting soos bv. familie-, beurs-, pleegsorg-, personeel- en vroeë betaling kortings of kwalifiseer vir subsidie. Hierdie R1 000 vorm deel van die R23 200 skoolgeld. Indien u kwalifiseer vir 'n korting of vir subsidie sal die korting/subsidie dus bereken word op 'n bedrag van R22 200 en nie R23 200 nie.**

e) **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar vir die jaar. Ouers kan egter 'n reëling met die skool tref om die bedrag maandeliks, oor 10 maande, af te betaal. Ouers wat die volle skoolgeld betaal teen die einde van Maart 2019 kwalifiseer vir 6,5% afslag.**

Indien ouers verkies om maandeliks te betaal moet betaling as volg geskied:

Voor einde Januarie:	**R1 700-00/leerder**
Tien paaiemente vanaf Februarie – November:	**R2 150-00/leerder**

f) **Leerders wat agtste vakke aanbied betaal 'n addisionele R1 500-00/vak.**

g) **Leerders in pleegsorg word onthef van skoolgeldbetaling.**

h) **Elke leerder bring twee rieme papier skool toe.**

'n Gedetaileerde begroting en die finansiële state vir 2017 kan vanaf Maandag, 17 September 2018 by die skool besigtig word. Ons versoek dat ouers vooraf skakel en 'n afspraak maak indien u belangstel om na genoemde dokumentasie te kyk.

Hierdie vergadering sal die algemene jaarvergadering inkorporeer, waartydens die skoolhoof en voorsitter verslag sal doen oor die werksaamhede en doelwitte van die beheerliggaam.

Ons hoop en vertrou dat u u weg sal oopsien om hierdie belangrike vergadering by te woon.

Vriendelike groete

R Moffat
Beheerliggaamvoorsitter

D Strydom
Skoolhoof